**8 Junie**
**Skrifgedeelte: Maleagi 3:13-4:3**
**Fokusgedeelte: Maleagi 4:2a**

## God gee weer sonskyn in jou lewe

Met Jesus Christus se geboorte het die engele gesing: “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ‘n welbehae het!” (Luk 2:14) Wanneer ons egter die baie hartseer, pyn en leed rondom ons raaksien, kom die vraag na vore: Waar is die vrede en welbehae dan waarvan die engele gesing het?

In die tyd van Maleagi het die Israeliete met soortgelyke vrae geworstel. Dit was al meer as ‘n eeu nadat die volk uit die ballingskap teruggekeer het – met groot verwagtings dat die beter dae, waarvan die profete en geestelike leiers dekades lank gepraat het, nou uiteindelik aangebreek het. Groot was hulle teleurstelling toe dit nie so goed gegaan het as wat hulle gehoop het nie.

In hierdie omstandighede sê Maleagi vir hulle dat die son van geregtigheid vir hulle sal opgaan. Dit beteken dat daar weer sonskyn in hulle lewe sal wees, die sonskyn van bevryding. En so kon die volk wat moed opgegee het, weer hoop kry.

Maleagi se woorde het in Christus ‘n diepere betekenis gekry. Christus is gebore om die son van geregtigheid vir ons te laat opgaan, met genesing in sy strale. Deur Christus kom daar weer sonskyn in ons lewe, die sonskyn van sondevergiffenis en verlossing. En dit bring vir ons genesing.

Die opkoms van die son van geregtigheid bring ook oordeel. Christus het ook as Regter na die wêreld toe gekom en sal terugkom as Regter. Dít roep ons tot bekering.

*Sing: Skrifberyming 9:1,6 Ds JL van der Schyff (Burgersdorp)*